

GEBED VIR KLEINGOED



Liewe Jesus, ek is klein,
Maak my hartjie skoon en rein.
Ek is 'n kind in bloed en vlees,
U sal altyd by my wees.

Al is ek soms vuil en vol sand,
U hou altyd my hand.
Dankie vir mamma en pappa wat my leer,
Al is my hartjie partykeer seer.


Ek sal altyd probeer om soet te wees,
Want as ek siek is, sal U my genees.
U is al die kindertjies se Koning,
Want die Hemel is ons beloning.

Geskryf deur Oom Edward vir klein kindertjies

Antwoorde van verlede keer se blokraaisel:

		N			A			T
	M	O	S	E	S			W
J		A						A
O		G	A	M				A
H							E	L
A			T	I	E	N		F
N						E		
N		E	L	F		B		K
E						O		R
S	O	N	D	E				U
								I
J	O	N	A					S

Die Penniefluitjie



Liewe Maats,

Dit is nou 'n lang ruk na die vorige Penniefluitjie, maar ons het mos nou 40 Dae van Geestelike Groei gevier.

Hierdie Penniefluitjie is juis daarop gemik om vir julle weer 'n bietjie te herinner aan wat ons alles bespreek het in die 40 dae. Kan julle nog onthou? Ons het oor verskillende soorte goggas gepraat, né! Lees bietjie verder aan weer oor die goggas en waarvoor elkeen staan.

Een van die pappas in ons gemeente het vir ons spesiaal 'n gebed geskryf – ek sit dit vir julle in. Dit is mos nog Jaar van Gebed ook.

Julle staan nou aan die einde van hierdie jaar en ek hoop almal van julle het baie goed gedoen in die eksamens!
Mag jy hierdie Kersfees die liefde van Jesus voel en ervaar!!



Groete in Jesus
Tannie Lita

Lekker lees!

Onthou



Kerstyd gaan nie net oor ontvang nie! Maak seker dat jy nie net 'n spaarbussie en 'n spandeerbussie het nie, maar ook 'n liefdesbussie. Hierin kom gelde vir ander in nood. Jou geldjie vir twee vissies en vyf brode kan 'n verskil maak en fees bring in die lewe van ten minste een ander mens!

Geniet die feestyd deur vir ander te gee!

Onthou ons 40-dae lesse

1. Goggas

As God soveel moeite met sulke klein goggas gedoen het, hoeveel te meer met my! Elke goggatjie het 'n belangrike werkie en so het ek 'n belangrike werkie. My werkie is spesiaal om God te loof en vir Hom te lewe. Loof en prys hom!

2. Hottentotsgotte

Die hottentotsgot is altyd in 'n biddende posisie. Hy kan nie anders as om so te sit nie. Ons kan ook nie anders as om met Jesus te praat nie! Hy het ons lief, daarom kan ons oor alles met Hom praat. Bid altyd!

3. Bye

Bye werk altyd saam. En by kan nie 'n nes bou of heuning maak nie. Jesus se kinders moet bymekaar staan, mekaar help en vir mekaar omgee. Sorg vir mekaar!

4. Vlinders

Lelike vet wurms verander in die mooiste skoelappers. So verander Jesus jou as jy sy kind word. Jy word al hoe mooier, want jy word al meer soos Hy. Word soos Jesus!

5. Miere

Miere is flukes harde werkers. Ons moet ook fluks en hard vir Jesus werk. As miere saamwerk, kan hulle 'n huis opeet! Dink net wat ons almal saam vir Jesus kan doen! Werk vir Jesus!

6. Vuurvliegies

Die vuurvliegies se lig kan helder in die donker skyn. Hy gebruik dit om ander na hom te lok. Jy is Jesus se liggie. Trek jy ook ander maatjies na Jesus? Skyn vir Jesus!

DI 1.
Ons leer vir 6 Sondae by 6 goggas!
(onthou lees jou boekie)

1. 6 Augustus

Wat doen ek hier?



Ladybird

Hottentotsgot




2. 13 Augustus

Ek praat met God

3. 20 Augustus

God se kinders
-werk saam
-Gee om vir mekaar



By